# 'n Fyn hekelkragie

**Rond jou bloes of baadjie af met 'n fraai kragie. Saamgestel deur Sandra Bodenstein**





**Die naaswit kragie is gehekel van Pingouin-hekeldraad nr. 8 en pas netjies om 'n ronde hals.**

## BENODIGDHEDE

Paar gram Pingouin Crochet nr. 8 (50 g-bolle); hekelpen van 1,50 mm.

## AFKORTINGS

gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kort-been; lb – langbeen; sp(s) – spasie(s); herh – herhaal; 1 spasie = 1lb in lb, 2ks.

**Let wel:** 3ks vervang deurgaans die eerste lb van 'n ry.

## AANWYSINGS

Begin met 133ks, draai.

**1e ry:** 1lb in 5e ks vanaf hekelpen, lb in elke lb tot einde.

**2e ry:** 1lb in elke lb tot einde.

**3e ry:** 1lb in elk van vlg 4lb, 2ks, (slaan 2lb oor, 1lb in vlg lb, 2ks) 41 keer, 1lb in elk van laaste 4lb.

**4e ry:** 1lb in elk van vlg 3lb, [(1lb, 2ks, 1lb) in 4e lb, 2ks, 3sps, (1lb, 2ks, 1lb) in vlg lb, 2ks] 10 keer, 1lb in elk van laaste 4lb.

**5e ry:** 1lb in elk van vlg 4lb, 52sps, 1lb in elk van laaste 4lb.

**6e ry:** Soos 5e ry.

**7e ry:** 1lb in elk van vlg 4lb, 2ks, 4lb in vlg lb, 2ks, (4sps, 4lb in vlg lb, 2ks) 10 keer, 1lb in elk van laaste 4lb.

**8e ry:** 1lb in elk van eerste 4lb, 2ks, 1lb in elk van vlg 4lb, 2ks, (4sps, 1lb in elk van vlg 4lb, 2ks) 10 keer, 1lb in elk van laaste 4lb.

**9e ry:** Blommotiewe, wat heen en weer soos volg gevorm word: 1lb in elk van vlg 4lb, *2ks, 1lb in eerste van vlg 4lb, 5ks, 1lb in laaste van 4lb, 2ks, 1lb in lb, 2ks, draai; (1lb, 2ks) in elk van 5ks, gs tot vlg lb, draai; (2kb, 3ks, 1kb in 2ks-sp) 6 keer, 2ks, 1lb in lb, (2lb, 3ks, 2lb) in 2ks-sp, 2ks, 1lb in vlg lb*, herh van * tot * nog 9 keer, maak nog 1 blommetjie, lb in laaste 3lb, knip werkdraad af en werk netjies af.